# Manne Bediening

**Kontak**: Leon 081 019 0710 ***of*** Ockert 084 200 1290

# Nuusbrief

Kwartaal 4 : 2023



**2023**

Ons Manne Bedieningsreis het begin!

Lees saam oor hoe geseënd ons alreeds is.

**2024**

Ons is opgewonde oor die jaar wat voorlê!

Manne Bediening

**Kontak**: Leon 081 019 0710 ***of*** Ockert 084 200 1290

# Terugblik op 2023

Ons Mannebediening het in 2023 ontstaan en op 16 Augustus het ons 'n baie geseënde Manne Aand aangebied met 120 mans wat na ons gasspreker, Theuns Stofberg kom luister het.

**Theuns se boodskap aan ons**:

“In die tydjie wat ons gegun word, moet ons leef met die einde in gedagte.

Ons almal het een of ander tyd 'n einde.

Wat egter belangrik is, is nie wanneer die einde van ons tyd is nie, maar wat ons met ons tyd doen."






Ons is opgewonde oor die jaar wat voorlê!

*Hou die spasie dop* .. Kom kyk wat 2024 vir die manne bediening inhou.
Wees op die uitkyk vir meer inligting oor ons aktiwiteite.

**Manne Bediening**

**Kontak:** Jaco 083 675 5687 ***of*** Leon 081 019 0710

# Koffie & Beskuit "Check-In"

As jy aan die einde van 'n besige week opsoek is na vars en goeie geselskap om jou reg te kry vir die naweek, is ons Vrydagoggend koffie en beskuit "Check-In" net vir jou bedoel.

Kom sluit by nog manne aan, en kom deel of luister net na die Here se werking onder ons manne.

Sien jou Vrydagoggend, 6h00 in die Kapel!

Manne Bediening

**Kontak:** Francois 082 658 3961 ***of*** Marius 082 726 2826

# Manne-Kamp

Kyk uit vir ons manne-kamp, waar ons mekaar beter gaan leer ken om die kampvuur, en oor sake praat wat ons manne se lewens raak.

**Moenie hierdie spesiale geleentheid in die natuur misloop nie!**

**Manne Bediening**

**Kontak:** Casper 083 225 0983 ***of*** Dimmie 072 599 4676

# Manne-Ontbyt met Gasspreker

Kyk uit vir ons manne-ontbyt met ‘n gasspreker.

Kom geniet die insig en die pad wat hy/sy geloop het, sowel as die getuienis waarmee ons as manne kan vereenselwig.

**Moenie hierdie geleentheid mis om weer lekker saam te kuier en verryk te word deur ‘n ander se getuiens nie!**

Manne Bediening

**Kontak**: John 082 788 9570 ***of*** Marius 082 726 2826

# Ons sê dankie!

Ons manne het ‘n wye ondersteuningsnetwerk, maar in die gejaag van ons alledaagse lewens vergeet ons soms om behoorlik dankie te sê.

Hierdie is jou kans om vir daardie persoon/persone, wat iets spesiaal die jaar vir jou beteken het, dankie te sê.

**Moenie hierdie geleentheid saam met daardie spesiale persoon/persone misloop nie.**

**Kom ons sê behoorlik dankie!**